


THE ART OF RESEARCH



Verstaan fae – die nuwe beste wapen teen bakterieë

'n Beter begrip van hoe die liggaam reageer op virusse wat bakterieë infekteer, kan die lig aan die einde van die tunnel wees vir pasiënte wat met antibiotikum-weerstandige infeksies sukkel.

Caleb Swanepoel is 'n meestersgraadstudent in Mediese Virologie aan die Universiteit van Kaapstad.



'n Begrip van fae kan in die stryd teen antibiotikum-weerstandige infeksies help.

Presented in association with the Institute of Infectious Disease and Molecular Medicine, this programme forms part of #theArtofResearch, an initiative of research communication specialists Jive Media Africa.



Vir pasiënte met lewensbedreigende antibiotikum-weerstandige infeksies kan faagterapie die laaste hoop op behandeling wees. Faagterapie is die gebruik van spesifieke virusse (fae) wat bakterieë infekteer om bakteriële infeksies te behandel. Soos klein moordrobotte teiken fae bakterieë en repliseer binne-in hulle. So vernietig hulle die bakterieë en skep in die proses selfs nog meer fae.

As gevolg van 'n gebrek aan kennis oor hoe die menslike liggaam op verskillende fae kan reageer, moet 'n nuwe geneesmiddelsondersoek

gedoen word elke keer as 'n pasiënt faagterapie nodig het. Caleb Swanepoel se navorsing het ten doel om 'n beter, meer algemene begrip te verskaf van die manier waarop die menslike immuunstelsel op verskillende tipes fae reageer.

“As ons weet hoe die tipe faag die liggaam se reaksie daarop beïnvloed, kan ons op grond van hulle tipe 'n algemene tendens uit talle verskillende fae saamstel,” sê Swanepoel. “Dit kan 'n riglyn verskaf vir hoe 'n pasiënt op behandeling kan reageer, en watter vae veiliger of doeltreffender as ander sal wees.”

'n Werklike poging moet aangewend word om die immuunreaksie op soveel verskillende, uiteenlopende fae as moontlik te klassifiseer sodat ons 'n lys van veilige, nuttige fae – soos 'n aanlyn winkelkatalogus – kan opbou.

“Die relevante wette moet vinnig verander om dokters toe te laat om mense met faagterapie te behandel deur aangetekende fae te gebruik sonder dat hulle eers 'n langdurige nuwe geneesmiddelproef hoef te doen.

